# 18 Januarie 2024 - Lesing 217 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Katastrofe - Antichris - Geloofstryd – Einde – 18/8/61

**NO: 7970** Wat alles nog voor die einde sal afspeel, kan maar net vir julle aangekondig word dat dit **bomate moeilik en smartlik vir die mensdom sal wees.**

**Oral sal die stem van God weerklink**, al is dit op verskillende maniere. Want waar Sy Woord van Liefde nie geag word nie, daar sal Hy Homself duideliker openbaar. **Oral sal leed en nood wees en rampe en katastrofes sal mekaar afwissel met gebeurtenisse in die natuur,** waarin die elemente die lewe sal bedreig en beëindig.

En dit alles is die werk van God en Sy toelating om die mense so wakker te skud en hulle van hul aardse lewensdoel bewus te laat word. **En waar die mense met Hom verbonde is, daar sal die nood ook draagliker wees.** Want Hy sal Syne nie verlaat nie, **hoewel hulle hulself te midde van hierdie gebeurtenisse sal bevind** en nie die groot nood in die laaste tyd voor die einde sal kan ontglip nie.

**En julle mense moet ag gee op wat daar om julle heen en in die wêreld gebeur**. Want dit is sigbare en duidelike waarskuwingstekens. Hulle is vir die gelowige steeds **as die ingryping of toelating van God te herken**, omdat dit al vooraf vir julle gesê is dat julle deur groot nood en ellende sal moet gaan, voordat die einde aanbreek.

Alle tekens wat oor die einde voorspel is, is herkenbaar, maar julle mense wil dit maar net asof in die verre toekoms sien. Julle wil nie glo dat die tyd van die einde aangebreek het nie.

Dit is egter ook vir julle gesê **dat die tyd verkort sal word,** terwille van hulle wat sal glo en standhou. Sodoende sal alles baie vinnig op mekaar volg, die ellende en nood van die geloofstryd en die woede van die Antichris, wat oorduidelik te siene sal wees. En reeds daaruit sou die eindtyd vir julle geloofwaardiger moet wees.

Want dan sal die mense wat aan hom diensbaar is, hulself oortref in boosheid, haat, leuens en wraakgierigheid. **Mag en heerssug** sal sy aktiwiteite duidelik kenmerk en die mense sal hulleself heeltemal aan hom verkoop deurdat hulle volgens sy wil sal handel en meedoënloos sal optree teen hulle medemense, wat nog in die geloof volhard en aan God trou wil bly.

**En hierdie sal ongewone beskerming en besondere krag ontvang**, want God sal by Syne bly en hulle deur nood en verdrukking lei. En salig is diegene wie hierdie tyd sal herken en homself aan Hom toevertrou, Wie hom alleen sal kan beskerm in elke nood. **Salig is die wat glo**, salig is die wat Hom tot hulle laat spreek en ook voortdurend krag van Hom aanneem. Want ook hierdie moeilike tyd gaan verby en die lot van hulle wat stand gehou het tot die einde sal salig wees. Want eens sal die mag van die teenstander gebreek wees. **Dan word hy en sy aanhang opnuut gekluister en daar sal weer vrede op aarde wees**.

Maar op hierdie aarde sal dit nie meer gebeur, want haar einde het gekom volgens die Wet van die Ewigheid. Tog sal sy deur God se mag **nuut tevoorskyn kom** en die mense sal weer daar in die paradys van die nuwe aarde geplaas word, die wat sal standhou tot aan die einde.

Want hulle het geglo in hulle God en Vader, Wie hulle sal red uit die diepste nood en verdrukking. Want die tyd is vervul en die einde sal kom soos dit verkondig is in woord en geskrif. Amein.

## Mattheus 24

*6 En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.*

*7 Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal* ***hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke****. [2 Ezra 6:24; 9:3]*

## 2Esra 6

*15 En wanneer die Stem spreek, moenie bevrees wees nie; want* ***die Woord is oor die einde****, en die fondamente van die Aarde sal dan ook verstaan*

*16 dat as adamiet van hierdie dinge spreek, beef die Aarde en word bewoë, want sy weet dat haar einde ook moet verander.*

*17 En toe ek dit hoor, het ek op my voete gestaan en geluister, en kyk, daar was 'n Stem wat gespreek het en die geluid daarvan was soos die geluid van baie waters. [Openbaring 14:2]*

*18 En die Stem het gesê: Kyk, die dae kom en dit sal gebeur dat* ***Ek sal nader kom om hulle te besoek*** *wat op die Aarde woon.*

*19 En Ek sal begin om hulle te ondersoek, hulle wat ander onregverdig beledig het,* ***wanneer die beproewing van Sion vervul sal wees.***

*20 EN wanneer die wêreld, wat begin om te vergaan, verseël sal wees, dan sal Ek hierdie tekens toon:* ***die boekrolle sal voor die uitspansel geopen word en hulle almal saam sal hom sien.*** *[Openbaring 5:9]*

*21 Suigelinge van 'n jaar oud sal met hulle eie stemme spreek; die swanger vroue sal ontydige kinders baar van drie of vier maande oud en hulle sal lewe en opgewek wees. [Psalm 8:2]*